


**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

**PROEFEKSAMEN GRAAD 12 : DONKER WEB**

## VRAAG 1 VERANDERINGE IN GREG SE LEWE

1.1

> My gesig het verander. Ek is glad nie meer dieselfde matrieklaaitie wat ek in Lawson Kollege was nie.
> **Bl. 12**

1.1.1 Watter traumatiese **veranderinge** het in Greg se lewe gedurende sy matriekjaar plaasgevind. Noem **twee veranderinge**. (2)

Hy het sy hoofseunskap verloor. / Hy is by die polisie aangekla vir rekenaars kraak / Sy pa is gearresteer / Hy het uitgevind sy pa was by PNR betrokke / 'n moordenaar. Hy kon nie sy matriekjaar voltooi nie./ Sy vriend het hom verraai.

1.1.2 Greg wou graag 'n nuwe begin in Stellenbosch maak. Hy word ongelukkig telkens aan die verlede herinner. Noem **twee insidente** waar Greg deur iemand in die publiek herken word. (2)

Die vrou by die gastehuis (in Beaufort-Wes)
Die dronk eerstejaar/student by Vensters
Oom Dirk (enige 2)

1.1.3 Hoe **beïnvloed** hierdie verandering in Greg,sy studentelewe? (1)

Hy neem nie deel aan Vensters nie. / Maak nie nuwe vriende nie./ Onttrek van die studentelewe./ staak studies om Baker te gaan vind. / Hy is 'n jaar agter sy vriende.

1.2

> Dis môre Goeie Vrydag. Vanaand vlieg ek vir die langnaweek Johannesburg toe. Daar is iets wat ek môre moet doen. 'n Ding wat reeds swaar op my gemoed lê. **Bl.56**
>
> Ek vlieg Sondagaand terug Kaap toe. Dit was 'n naweek wat my verander het. **Bl. 67**

1.2.1 Daar wag 'n groot skok op Greg toe hy sy ouerhuis se deur in Sandhurst oopmaak. Wie het vir Greg die deur oopgemaak? Skryf sy **naam** en **van** en **beroep** neer. (2)

André Symington. Chemiese Ingenieur

1.2.2 Watter **skokkende onthulling** maak sy ma? (1)

Dat sy en André al lank saam is. / 'n Verhouding het. / Dat daar baie geheime in hulle familie is.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.3 Ek hou in die oprit stil. Nicole klim uit die ander kar.Haar hare is nie so goed versorg soos altyd nie. Geen grimering nie.
**Bl.66**

1.3.1 Hoe het Nicole se lewensomstandighede verander? (1)

Sy het nou 'n baba. Sy moet 'n baba alleen grootmaak. Sy kan nie soos al haar vriendinne gaan studeer nie, want sy het nou 'n baba.

1.3.2 Greg se **gevoel** teenoor Nicole het ook verander. Motiveer. (1)

Hy besef dat daar nie meer 'n vonk tussen hulle is nie. Hy wil nie meer 'n verhouding met haar hê nie. / Hy vertrou nie meer vir Nicole nie.

1.4.1 Daardie selfde naweek het Greg ook sy pa gaan besoek? Skryf die **naam** van die plek neer. (1)

Kgosi Mampuru II gevangenis / Pretoria-Sentraal.

1.4.2 Greg se pa het **verander**. Noem **twee fisiese veranderinge**. (2)

Hy het maer geword. Gryser. Sy vel lyk vaal /bleek. Sy hande is growwer en lyk vuilerig. Meer geboë / sy pa se oë lyk meer grys / treurig / daar is 'n effense knak in sy knie.

1.4.3 Die eerste besoek in die tronk het nie goed afgeloop nie. Gee **'n rede**. (1)

Greg is ontsteld toe hy sien hoe sy pa agteruit gegaan het. / Sy pa is kwaad vir hom / beskuldig vir Greg dat dit sy skuld is. /Sy pa gee 'n sarkastiese antwoord oor die kos in die tronk. Greg voel baie skuldig.

1.4.4 In die Epiloog besoek Greg weer sy pa in die tronk. Hoe **verskil** hierdie besoek van die vorige tronkbesoek? (1)

Die besoek het positief geëindig. Gerg en sy pa het vrede gemaak. Greg se pa was nie vyandig nie / Greg se pa het hom vergewe.

**[15]**

## *VRAAG 2 Wanneer jy wraak neem, moet jy twee grafte grawe.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Greg het 'n paar verdagtes gehad.<br>Noem die name van **twee verdagtes** en sê **waarom** Greg hulle vermoed het. | | (4) |



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | |
|---|---|
| **Professor Kabi,** | **Het Greg gedurende 'n les uitgesonder.** |
| **André Symington** | **Chemiese ingenieur** |
| **Dokter Rian Trollip** | **PlusUltraMed** |
| **Thomas Lawson** | **Kontakte in die weermag (*army*)** |
| **Ayla se pa**<br><br>**Oom Dirk** | **Hy is 'n dokter/ reis baie. Valkyrie is moontlik haar ma.**<br>**Lisa se pa. Raak onverwags betrokke by Greg. / polisieman.** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.2 | Lees weer die titel van vraag 2 "***Wanneer jy wraak neem, moet jy twee grafte grawe***". | | |
| | Reflekteer oor gebeure in die boek, *Donker Web*, en **motiveer waarom die stelling WAAR is.** | | (1) |
| | **Al die karakters word sleg beïnvloed deur hulle behoefte na wraak. Die wraaknemer en die slagoffer van wraak word beïnvloed**<br>**Bv. Greg - verloor vriend, Xander - moordenaar, Baker word vermoor. Plank en die Baker is dood - letterlike grafte** | | |
| 2.3 | Greg, Xander en die Baker het al drie een ding in gemeen. **Wraak.** Hulle besluite en motivering word deur wraak beïnvloed.<br><br>Skryf 'n paragraaf van **100-120 woorde** waar jy die volgende punte volledig bespreek. | | |
| | • Wat was die **oorsaak** van Xander se wraak?<br>• **Hoe** het hy wraak op die Owen gesin geneem?<br>• Hoe weet ons Xander **voel sleg** oor sy wraak teen die Owen gesin?<br>• Hoe het sy begeerte (*desire*) na wraak hom **negatief beïnvloed** aan die **einde** van die verhaal? | | (1)<br>(1)<br>(1)<br>(1) |
| | • **Die dood van sy pa**<br>• ***<u>social engineering</u>*** **/ hy het hulle gesin verwoes/ hy het Greg gebruik om PNR te ontbloot**<br>• **Hy vra om verskoning vir dfit wat hy aan hulle gesin gedoen het** *(nie reg = hy besluit om Greg met sy soektog te help, want hy stem in om Greg te help NA die baker hom die video van sy pa se teregstelling gestuur het, hy help Greg ook uit begeerte na wraak)*<br>• **Hy het die Baker doodgeskiet/ moordenaar / net so sleg soos die mense van PNR** | | **(1)**<br>**(1)**<br><br>**(1)**<br>**(1)** |



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| | • Wat was die oorsaak van die **Baker se wraak**?<br>• Wie was **sy geesgenoot** (*partner*) in wraak?<br>• Daar is geen perke (*limits*) aan die Baker se wreedheid nie. **Motiveer** hierdie stelling. | | (1)<br>(1)<br>(1) |
| | • **Sy pa wat hom (en sy broer/neef) gemartel het.**<br>• **Valkyrie**<br>• **Hy het sy eie broer/ neef vir die wolwe gegooi/ Hy het geen gewete vir hoe wreed sy dade was nie.** | | **(1)**<br>**(1)**<br>**(1)** |
| | • **Waarom** wou Greg wraak neem?<br>• **Wie** het onder Greg se wraak gely?<br>• **Dink jy** dit was reg van Greg om wraak te neem? | | (1)<br>(1)<br>(1) |
| | • **Hy voel die Baker moet ook betaal vir sy sondes/ dis nie regverdig dat sy pa sit en die Baker nie.**<br>• **Plank**<br>• **Ja – hy het 'n vreeslike man gestop**<br>• **Nee, plank is dood. Onskuldige lewe is verlore** | | **(1)**<br><br>**(1)**<br><br>**(1)** |
| | | | **(10)** |
| | **VRAAG 2** | | **[15]** |

## VRAAG 3 DIALOOG

Die volgende dialoog is kreatief-aangepas. Voltooi dit met feite uit die boek. Skryf slegs die **nommer** en **antwoord** op jou foliopapier neer.

**Oom Dirk kom terug van sy oorsese reis. Hy vertel sy vrou (Mev. Schutte) alles wat gebeur het.**

| | | |
|---|---|---|
| Vrou: | My man! Ek is so bly jy is terug, ek het myself doodbekommer!<br>**Waar** was jy die laaste paar dae **en hoekom**? | |
| Dirk: | **3.1 .....**<br>**Ek was in Venesië/ Florence √ om Greg te help om die Baker op te spoor. √ / Greg en Plank op te spoor, Greg se ma het gevra** | (2) |
| Vrou: | Het jy hulle gevind? | |
| Dirk: | Ek het. Maar daar het iets vreeslik op die *Canale Grande* met Plank gebeur.<br>**3.2.....**<br>**Hy is doodgeskiet (deur een van die valkery se boewe) √** | (1) |
| Vrou: | Maar die koerante sê **3.3.....** | (1) |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | | |
|---|---|---|
| | **Dat Greg Owen dood gevind is.** | |
| Dirk: | Hulle het 'n fout gemaak. | |
| Vrou: | Arme Lisa. Sy het my vertel Plank het haar 'n paar dae terug uit Istanboel gebel. | |
| Dirk: | Die oproep na Lisa het baie probleme veroorsaak. | |
| Vrou: | Hoe so? | |
| Dirk: | **3.4.....**<br>**Die Baker kon hulle opspoor/ die Baker het hulle gevind.** | (1) |
| Dirk: | Daarna moes Greg 'n besluit neem wat groot **innerlike konflik** veroorsaak het. | |
| Vrou: | **Wat** was die besluit wat hy moes neem? | |
| Dirk: | **3.5.....**<br>**Om plank te los en saam met Xander te gaan / sy beste vriend te verraai.** | (1) |
| Vrou: | Ek kan dit nie glo nie. Hulle is dan beste vriende! | |
| Dirk: | Ek was ook geskok. Ons het Plank toe later gevind. Hy het ons na die **3.6....** gelei. Dit was 'n lokval. | (½) |
| Dirk: | Plank het sleg gelyk, maar hy was darem nie dood nie. Greg het dit wel amper nie gemaak nie, die Baker het hom seergemaak. | |
| Vrou: | Hoe so? | |
| Dirk: | **3.7.....**<br>**Hy was deur die Baker vergiftig. (daar was Paraoxon op 'n pet wat die Baker vir Greg geplant het)** | (1) |
| Vrou: | Ek is bly hy het oorleef.<br>Kon julle uitvind **wie** die Baker is en **wat** sy nuwe projek is? | |
| Dirk | Ja, dit was **3.8.....** en hy wou CRISPR-tegnologie gebruik om **3.9....**<br>**(Dokter) Sebastian Stadler**<br>**Mense se brein te beheer/ *(sal ons net breinbeheer aanvaar?)*** | |
| Vrou: | Was? Beteken dit...hy is dood? Wat het met die Baker gebeur? | |
| Dirk: | **3.10.....** | (1) |
| Dirk: | Ons het daarna die Baker se snelboot gevat en langs die *Canale Grande* begin vaar. Daar was baie diep gesprekke tussen die jongmanne op die snelboot gewees. | |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | | |
|---|---|---|
| | Greg en Plank het oor **3.11 ....**<br>Daarna het Xander ook met Greg gepraat en **3.12...**<br>**Het oor hulle toekomsdrome gepraat en wat hulle wil bereik.**<br>**Weereens jammer gesê vir al die hartseer wat hy hulle veroorsaak het** | (1)<br>(1) |
| Vrou: | Hoe het alles toe tot die **tragiese einde** gelei? (Gee 2 feite) | |
| Dirk: | Valkyrie **3.13 ....**<br>**Het met haar snelboot teen ons boot gebots √ en daar was op ons geskiet / almal het in die water gevald. √** | (2) |
| Vrou: | En Xander? Het hy oorleef? **Wat** het van hom geword? | |
| Dirk: | **3.14.....**<br>**Ja, hy het verdwyn / ons weet nie waar hy is nie/ wat van hom geword het nie** | (1) |
| | | **[15]** |

**VRAAG 4**

| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Inleiding** | |
| **2.** | **Stellenbosch** | |
| | • Xander moet Greg help om die Baker te vind. | (1) |
| | • Was ook die sondes af, nie net die gesig nie. | (1) |
| | • Hy moet jammer sê (1) oor alles wat sy pa/ gesin gedoen het (1)/ Greg moeg erken hy het ook sondes wat hy moet afwas. | (2) |
| | • Tom | (1) |
| | • Eerste rivier | (1) |
| | • Sy tong is uitgesny. | (1) |
| | • Hulle moet die Baker uitlos/ nie oor hom praat nie/ Hulle moet stilbly. | (1) |
| | | **[8]** |
| **3.** | **Istanboel** | |
| | • Basilica Cistern/ Gesonke paleis | (1) |
| | • Dit is donker/ sien hom nie goed nie/ dit is maklik om vir Greg hier weg te kruip/ Reflekteer hulle identiteit. | (1) |



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | | |
|---|---|---|
| | • Hagia Sophia/ Ayasofya | (1) |
| | • 'n Christelike kerk. | (1) |
| | - Water maak skoon/ reinig/ was sondes weg/ water gee lewe. | (1) |
| | - Dood en hergeboorte/ Oorbegin/ Hulle vergewe mekaar (se sondes)/ Hulle het beide 'n nuwe begin (met verwysing na die Baker). | (1) |
| | | **[6]** |
| **4.** | **Venesië** | |
| | • 'n Donker/ swart sambreel met 'n gargoyle-kop (½+½). | (1) |
| | • Die weer raak al hoe slegter (1) soos dit gevaarliker raak (1) (Soortgelyk) | (2) |
| | • 'n Slang is baie gevaarlik/ giftig (1) en Plank sal uiteindelik in die kanaal sterf/ Valkyrie sal hulle op die kanaal aanval.(1)/ Die kanaal lyk soos 'n slang/ Greg noem al die slegte elemente in sy lewe die "slange". | (2) |
| | • Hy was sy hande. | (1) |
| | | **[6]** |
| **5.** | **Slot** | |
| | **Assessering:** 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. | (5) |

**D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II, AFDELING A**
**Taal en struktuur (5)**

| | |
|---|---|
| **5 punte** | Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding en slot. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is puik aangewend. Geringe mate van taalfoute. |
| **4 punte** | Samehangende teks geproduseer. Volledige antwoord. Gepaste inleiding of slot. Die inleiding of slot ontbreek. Argumente goed gestruktureer en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is goed aangewend. Geringe mate van taalfoute. |



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| | |
|---|---|
| **3 punte** | Duidelike struktuur en logiese vloei van gedagtes. Inleiding of slot is gepas. Taal, toon en styl redelik korrek. |
| **2 punte** | Geen inleiding of slot nie. Vloei van opstel word belemmer deur oormaat taalfoute. |
| **1 – 0 punt** | Geen samehang nie. Swak taalgebruik. Oormatige gebruik van Engels. Dele onverstaanbaar. |

(5)

**[25]**
**TOTAAL : 70**

**AFDELING B**

**VRAAG 5 LANG TRANSAKSIONEEL : E-POS [20]**

**VRAAG 6 DAGBOEKINSKRYWING [10]**

**Albei skryfstukke word met IEb rubriek in die SAGS-dokument gemerk.**

**GROOTTOTAAL: 100**


Downloaded from eduresourceza.com